# PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

# SKIMMELALLERGIE

- Skimmel kom oral voor.
- Die swart spikkels op die mure en plafon van vogtige kamers is skimmel; die wit en swart harige lae op ou brood en ander voedsel is skimmel; en sampioene behoort ook aan die skimmel-groep!
- Skimmel stel klein partikels genaamd spore in die lug vry, en dit is hierdie spore wat allergiese simptome in mense veroorsaak, deurdat hulle dit inasem.
- Dit kan ook simptome veroorsaak wanneer dit in kontak met die vel kom.
- Mense is sensitief vir hierdie spore en mag asma, nasale simptome, jeukerige oë en ekseem ontwikkel.
- Skimmelspore word dwarsdeur die jaar vrygestel en kom in vogtige binnemuurse en buitemuurse omgewings voor.
- Binnemuurs: kombuise (yskaste), badkamer, en grond van huisplante en gebiede waar bevogtigers en tuimeldroërs gebruik word.
- Buitemuurs: verrotte blare, grassnysels, komposhope en seewier.
- Skimmel aard baie goed in warm, vogtige plekke en spoortellings is geneig om gedurende die lente en herfs te verhoog.
- Tot soveel as 20% van asmatiese pasiënte kan allergies wees vir skimmel.
- Skimmel word in hoër konsentrasies in kusgebiede en vernaam in subtropiese dele van die land (KwaZulu Natal) aangetref.

## ALGEMENE SKIMMEL WAT ALLEGIE VERERGTER SOOS IN SUID-AFRIKA GEVIND

### Alternaria Alternata

- Dit word vernaam as 'n binnemuurse skimmel beskou
- Voedselprodukte (swart spikkels op voedsel)
- Vogtige binnemuurse areas (Badkamers)

### Cladosporium Herbarum

- Binnemuurs (vuil yskaste, vogtige vensters en vensterrame, voedselprodukte en in huise met swak ventilasie).
- Buitemuurs (mees algemene kolonis van dooie plante en grond).
- Die mees algemene skimmel wat allergie vererger, in Suid-Afrika.

**Penicillium Notatum**

- Bedorwe voedsel (ou brood, kaas, graankosse en vrugte)
- Wingerde en wynkelders.
- Gebruik tydens die produksie van bloukaas.
- Mees algemeen tydens die winter en lente.

**Aspergillus Fumigatus**

- Gevind in grond, verrotte blare en groente, voëlmis en gestoorde patats.
- Die konsentrasie daarvan in die lug is relatief laag.
- Hierdie skimmel word geassosieer met asma en toestande soos Boerelonge.

## SKIMMELBEHEER IN DIE HUIS

### Algemene beheermaatreëls

- Verseker genoegsame ventilasie; huise wat voortdurend toe staan verhoed dat vogtigheid kan ontsnap en bevorder die groei van skimmel.
- Beperk die aantal binnemuurse huisplante.
- Indien beskikbaar, kan ontvogtigers gebruik word (hou binnemuurse humiditeit teen 50% of minder).
- Moenie vuurmaakhout binnemuurs stoor nie.
- Verseker dat tuimeldroërs gedurende gebruik 'n buite-uitlaat het. Probeer om nie vogtige klere binnemuurs droog te laat word nie.
- Was oppervlakte wat skimmel bevat af met bleikmiddel of verf dit met skimmelbestande verf.

### Kombuis

- Gebruik suigwaaiers wanneer daar gekook word.
- Vullisdromme moet gereeld leeggemaak en skoongemaak word.

  Badkamer
- Maak die badkamer se oppervlaktes skoon en droog en verseker geskikte ventilasie.
- Maak die vensters oop nadat daar gestort of gebad is.

  Slaapkamer
- Vervang ingesitte matte met hout of teëls. Maak matrasse en kussings met mietbestande slope toe.
- Verwyder binnemuurse plante en moenie voedsel in die slaapkamer stoor nie.
- Droog kondensasie wat op die vensters vorm af.
- Vryf vogtigheid van vensterrame af.
- Belug kaste en moet nooit vogtige skoene, klere, bagasie of leergoedere in kaste berg nie.
- Gordyne, houtpanele en muurpapier mag die groei van skimmel aanmoedig.
- Bevogtigers en stoommasjiene wat gebruik word om kroep te behandel, sal die groei van skimmel in die slaapkamer aanmoedig.
- ʼn Lae wattverbruik (40w) gloeilampie of chemiese vogverwyderaar wat in kaste geplaas word, sal die groei van skimmel beperk.

## BUITEMUURS

- Allergiese mense moet ou grassnysels en opgeharkte blare vermy (of ŉ masker dra).
- Skimmelspore kom mees algemeen op droë en winderige dae voor.
- Vermy blootstelling aan grond, komposhope, sandbokse, hooi, wingerdstokke en skure.
- Voedingstore op plase is vol skimmel.
- Herstel probleme met waterdreinering naby die huis, aangesien staande water die vorming van skimmel verhoog.
- Vermy kampering of staptogte in woude of digbegroeide gebiede gedurende die herfs- en wintermaande wanneer daar baie dooie blare op die grond lê.

## WERKSBLOOTSTELLING

- Boere, tuiniers, bakkers, brouers, bloemiste, skrynwerkers, meulenaars, wynmakers en muurpapierhangers staan ŉ groter kans om skimmelallergie te ontwikkel.
- Foutiewe lugversorging kan skimmel versprei.
- Kweekhuise en wynkelders moedig die groei van skimmel aan.

## DIAGNOSE EN BEHANDELING

- Daar mag moontlik 'n geskiedenis van skimmelallergie en verbandhoudende asma en nasale simptome bestaan.
- Skimmelallergie kan deur ŉ velpriktoets of ŉ bloedtoets bevestig word, indien dit volgens die geskiedenis ŉ moontlikheid is.
- Aanvanklike behandeling sal insluit dat skimmel waar moontlik vermy word.
- Allergiese siektes soos asma en allergiese neusontsteking wat moontlik deur skimmel veroorsaak word, vereis geskikte mediese behandeling.

**OUTEUERSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

**2013**

**Vertaling deur CIPLA geborg**